Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoereis van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word, bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **BOSTRIN 380 WG** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **BOSTRIN 380 WG** moet eers op nuwe kultivars getoets word voordat dit oor groot areas aangewend word.

**HERBETREDINGSINTERVAL:** Moenie behandelde gebied binne 24 uur na toediening betree of alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word. Beskermende oorklere moet gewas word na gebruik.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.  
Hou buite bereik van kinders.  
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.  
Verm y die inaseming van stuifsel, dampe en spuitstof.  
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.  
Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.  
Verm y vrystelling in die omgewing.  
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.  
INDIEN OP VEL: Was met baie seep en water.  
Indien velirritasie ontstaan: Kry mediese hulp.  
Vir spesifieke behandeling sien noodhulp afdeling op hierdie etiket.  
INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Kry mediese hulp.  
INDIEN IN OË: Spoel onmiddellik met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense, indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel. Kry mediese hulp.  
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.  
Maak stortsel bymekaar.  
Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig toe.  
Raak ontslae van inhoud en houer in ooreenstemming met nasionale regulasies.

**SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG:** Die houer moet heeltemal leeg wees voordat daarmee weggedoen word. Skud al die plaagdoderformulasie uit die houer in die spuit- of mengtenk. Spoel die leë houer drie keer met skoon water gelyk aan 'n minimum van 30 % van die houer se volume. Voeg

spoitwater by die inhoud van die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houër, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word ([www.croplife.co.za](http://www.croplife.co.za)). Moenie die houër begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houër vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

#### RELEVANTE STOWWE:

Boscalid (Cas no: 188425-85-6) Waterlewend Kronies Kategorie 2, H411 (25.2 % m/m).

Piraklostrobien (Cas no: 175013-18-0) Akute Giftigheid Inaseming Kategorie 3, H331; Velirritasie Kategorie 2, H315, Waterlewend Akut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (12.8 % m/m).

Kalsiumdodesielbenseensulfonaat (Cas no: 26264-06-2) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Velirritasie Kategorie 2, H315; Oogskade Kategorie 1, H318; Waterlewend Kronies Kategorie 4, H413 (< 10 % m/m).

#### NOODHULP BEHANDELING

In geval van 'n ongeluk of as jy onwel voel, verkry onmiddellik mediese advies en wys hierdie ETIKET waar moontlik

- INASEMING:**
- Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe.
  - Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is en verkry mediese hulp.
- VEL:**
- Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere en stort.
  - Spoel aangetaste areas (vel) onmiddellik met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik.
  - Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
- OË:**
- Spoel oë DADELIK met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word.
  - Kry onmiddellik mediese hulp indien irritasie voortduur.
- OPNEMING:**
- Indien ingesluk, MOENIE vomering induseer nie, tensy 'n gifsentrum of dokter opdrag gee om dit te doen.
  - Laat die persoon slukgies water neem indien dit moontlik is om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie. Indien die persoon wel vomeer, hou aan om vloeistowwe te gee. Verkry mediese hulp.
- NOTA AAN GENEESHEER:**
- Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt. Uitvoering van maagspoeling word aanbeveel.
- MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUUT EN VERTRAAGD:**
- Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

#### WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: **BOSTRIN 380 WG** is 'n FRAC groepkode (11) en (7) swamdoder. Enige swam populasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **BOSTRIN 380 WG**, of enige ander FRAC groepkode (11) en (7) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swam populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **BOSTRIN 380 WG** of enige ander FRAC groepkode (11) en (7) swamdoders beheer word nie.

#### Om weerstand te voorkom of te vertraag:

- vermy die herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde swamdoder groep kode. Wissel af met, of gebruik in tenkmengsels met geregistreerde produkte van ander swamdoder groepkodes,
- raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes,
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme,
- waar weerstand bekend is of vermoed word, moet **BOSTRIN 380 WG** nie alleen toegedien word nie, maar in kombinasie met geskikte swamdoders van 'n ander swamdoder groepkode. Hierdie bestuur strategie om weerstand te voorkom, moet egter nie swamdoder produkte insluit waar weerstand in die verlede aangemeld is nie, of dieselfde werkswyse het nie,
- vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk of jou plaaslike verskaffer,
- besoek die FRAC webtuiste by <https://www.frac.info/> vir meer inligting,
- om die effektiwiteit van **BOSTRIN 380 WG** te handhaaf, is dit belangrik om die ontwikkeling van siekteweerstand teen (11) en (7) swamdoders te voorkom.

#### WERKINGSWYSE

Boscalid is 'n piridien-karboksamied (FRAC-groep 7) breë spektrum swamdoder wat die suksinaat-ubikinoon oksidoreduktase sisteem in kompleks II van die mitochondriale elektronoordragketting (ATP Produksie) inhibeer. Laasgenoemde inhibeer spoorontkieming, die verlenging van die kiembuis, appressorium ontwikkeling en miselium ontwikkeling.

Piraklostrobien behoort aan die strobilurien klas swamdoders (FRAC-groep 11). Strobilurine, ook bekend as QoI swamdoders, inhibeer mitochondriale respirasie wat lei tot 'n energietekort in die swamselle deur energieproduksie te staak wat swamdood veroorsaak (inhibeer spoorontkieming, miseliumgroei en sporulering).

#### GEBRUIKSBEPERKINGS

- Dit is belangrik dat **BOSTRIN 380 WG** voorkomend, voordat simptome ontwikkel, aangewend word, soos in die toedieningstabel aanbeveel word.
- Gebruik slegs die aanbevole dosisse wat op die etiket aangedui word, MOENIE die dosisse verlaag nie.
- **BOSTRIN 380 WG** moet as 'n voldekbepuiting aangewend word.
- Moet nooit **BOSTRIN 380 WG** as 'n regstellende of genesende behandeling, wanneer siekte reeds teenwoordig is, of na 'n mislukte behandeling van enige produk, aanwend nie.
- Wanneer 'n tenkmengsel gebruik word, of met ander swamdoders gewissel word, gebruik slegs geregistreerde mengbare produkte wat individueel ook effektiewe siektebeheer kan toepas.
- Herhaal toediening indien dit binne twee ure na aanwending reën.

#### GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik soos aangedui

#### VERENIGBAARHEID:

**BOSTRIN 380 WG** is met meeste swamdoders, insekdoders en mytdoders verenigbaar. Die verenigbaarheid van **BOSTRIN 380 WG** met ander produkte hang van die formulering van die verskeie produkte, sowel as die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word, af. Aangesien die formulering van ander produkte van tyd tot tyd sonder ons wete kan verander, en die kwaliteit van die spuitwater tussen produsente ook kan verskil, word dit dus aanbeveel dat 'n kleinskaalse fisiese verenigbaarheidstoets voor die opmaak van 'n tenkmengsel, uitgevoer moet word. Raadpleeg altyd die etikette van die produkte wat saam met **BOSTRIN 380 WG** in 'n tenkmengsel gevoeg word.

#### MENGINSTRUKSIES:

Vul die spuittenk met skoon water tot halfvol. Meet die hoeveelheid **BOSTRIN 380 WG** wat nodig word af, en meng dit vooraf met minstens 10 ℓ water. Meng enige ander produkte wat in die tenkmengsel moet kom afsonderlik en op dieselfde wyse as laasgenoemde. Terwyl die water in die tenk gemeng word, voeg die voorafgemengde produk(te) by in die volgende mengvolgorde: buffer/versuurder, benatbare poeiers, waterdispergeerbare korrels, suspensie konsentrate, emulgeerbare konsentrate en oplosbare konsentrate laaste. Voeg produkte wat in wateroplosbare materiaal verpak is eerste by en **BOSTRIN 380 WG** daarna. Vul spuittenk met skoon water tot by finale volume terwyl dit voortdurend gemeng word. **MOET NIE** toelaat dat die mengsel uitsak nie. **DIE TENKMENSGEL MOET ONMIDDELLIK UITGESPUIT WORD EN NIE TOEGELAAT WORD OM OORNAG IN DIE SPUITENK TE STAAN NIE.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespuit/skoongemaak word na afloop van toediening.

**MAAK SPUITTOERUSTING ONMIDDELLIK NA GEBRUIK SKOON:** Spesiale aandag en versorging moet tydens die skoonmaak van alle toerusting wat in die meng- en toedieningsproses van **BOSTRIN 380 WG** gebruik is, toegepas word om skade aan ander gewasse te voorkom.

#### GRONDTOEDIENING:

- **BOSTRIN 380 WG** kan met 'n konvensionele hoë volume spuitapparaat toegedien word. Die spuitpunte moet met holkeëlsputkoppe toegerus word wat medium tot fyn druppels verseker.
- Maak seker dat die spuitapparaat korrek gekalibreer is, en gaan gereeld na om te verseker dat die korrekte dosis en bedekking toegedien word.
- Die verspreiding van die spuitmengsel op die teikengebied moet uniform wees. Moenie dat die toedienings oorvleuel nie aangesien dit die gewasse kan beskadig.
- Die verspreiding van die spuitmengsel moet uniform wees en deeglike bedekking van die hele plant (insluitende die stele en blare) is belangrik, gebruik genoegsame water en toepaslike spuitapparaat. Moet nie deur ultra-lae volume (ULV) spuitsisteme toedien nie.
- Herhaal die toediening indien dit binne twee (2) ure na bespuiting reën.
- Vermoed drywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander nie-teiken areas.

#### LUGTOEDIENING – (SLEGS AARTAPPELS):

##### **VERMY SPUITSTOF WEGDRYING TEN ALLE TYE**

Lugtoediening van **BOSTRIN 380 WG** mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur en met akkurate gekalibreerde vliegtuie, soos deur SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) instruksies vereis, uitgevoer word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitstof eweredig oor die teiken area versprei word en dat die verlies van spuitstof gedurende toediening tot 'n minimum beperk word. Deeglike bedekking is van kardinale belang vir effektiewe resultate. Gebruik slegs op gewasse soos in die etiket aangedui word. Dit is van belang dat die volgende kriteria gevolg word:

#### **TOEDIENINGSRIGLYNE:**

- **Volume:** 'n Minimum volume spuitmengsel van 30 – 40 ℓ water/ha word aanbeveel behalwe indien anders in die toedieningstabel aanbeveel word. Aangesien **BOSTRIN 380 WG** nie teen 'n verlaagde volume toediening geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik vir enige nadelige gevolge gehou word, indien hierdie produk teen 'n verlaagde volume aangewend word as wat aanbeveel is nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 50 – 70 druppels per vierkante sentimeter (cm<sup>2</sup>) moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron (µm) word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moet nie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

#### **APPARAAT:**

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidrouliese spuitkoppe of roterende atomiseerders) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker.
- Die operateur moet die spuitstelsel so oprig dat dit 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Alle spuitkoppe of atomiseerders moet in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

#### **METEOROLOGIESE TOESTANDE:**

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droë-boltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry of verlaag tot laer as 5 km/h.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken areas.
- Onder die volgende klimaatstoestande kan drywing tot en met 3 – 5 km vanaf die naaste bespuitingsroete van die vliegtuig voorkom:
  - Bewolkte weer met relatiewe humiditeit van 80 % en lae lugbeweging van minder as 5 km/h.
  - Wanneer sulke toestande voorkom moet lugtoediening **NIE** op sensitiewe gewasse uitgevoer word **NIE**.
- Verseker dat teiken areas akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter areas gespuit moet word. Voorsien die vlieënier met duidelike aanwysings van watter areas behandel moet word, verkieslik d.m.v. 'n kaart of GPS koördinate. Dui aanliggende omgewingssensitiewe areas of sensitiewe aangrensende gewasse, byekorwe of waterbronne wat deur die plaagdoder geaffekteer kan word aan.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat daar aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat sal word vir toekomstige verwysing.
- Herhaal toediening indien dit binne twee (2) ure na aanwending reën.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARBEIE Antraknose	Grondtoediening 1.2 kg/ha	► Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen 7 – 14 dae spuitintervalle in 'n voorkomende spuitprogram, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toe.

<p>(<i>Colletotrichum</i> spp.)</p> <p><b>Botrytis grysskimmel</b> (<i>Botrytis cinerea</i>)</p> <p><b>Poeieragtige meeldou</b> (<i>Sphaerotheca macularis</i>)</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien in voldoende water volumes toe om goeie bedekking te verseker.</li> <li>▶ Gebruik die korter spuitinterval van 7 dae tydens gunstige toestande vir siekteontwikkeling, of waar hoë siektedruk verwag word.</li> <li>▶ Begin 'n voorkomende spuitprogram nie later as 10 % blom nie.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> <li>▶ MOENIE meer as twee (2) opeenvolgende <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings uitvoer, voordat daar met 'n swamdoder vanuit 'n ander FRAC groep afgewissel word nie.</li> </ul>
<p><b>AARTAPPELS</b></p> <p><b>Vroeë roes</b> (<i>Alternaria solani</i>)</p>	<p><b>Grond- en Lugtoediening</b> 300 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUMES</b> <u>Grond-/Trekertoediening:</u> Minimum 500 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p> <hr/> <p><b>Grondtoediening</b> 600 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b> <u>Grond-/Trekertoediening:</u> Minimum 500 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen 10 – 14 dae spuitintervalle in 'n voorkomende spuitprogram, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toe.</li> <li>▶ Wissel <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings met onverwante kontak swamdoders af.</li> <li>▶ Gebruik voldoende water volumes vir volledige bedekking.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> </ul> <hr/> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Wanneer toestande gunstig vir siekteontwikkeling is of waar hoë siektedruk verwag word, kan 'n maksimum van twee (2) <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings, 21 – 28 dae uitmekaar, in 'n voorkomende spuitprogram met geregistreerde swamdoders vanuit verskillende FRAC groepe, toegedien word.</li> <li>▶ Wissel <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings met onverwante kontak swamdoders af.</li> </ul>
<p><b>BESSIES</b> (swartbessies, frambose, bloubessies en korente)</p> <p><b>Blaarroes</b> (<i>Thekopsora minima</i>)</p>	<p><b>Grondtoediening</b> 60 g/100 ℓ water</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien die eerste <b>BOSTRIN 380 WG</b> toediening na-oes toe met die aanvang van die nuwe groei en voor die eerste herfs-reën.</li> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> toe soos benodig om die nuwe groei gedurende winter te beskerm.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> </ul>
<p><b>CAPSICUM/RISSIES</b> (brandrissies, paprika en soetrissies)</p> <p><b>Poeieragtige meeldou</b> (<i>Leveillula taurica</i>)</p> <p><b>Cercospora blaarvlek</b> (<i>Cercospora capsici</i>)</p> <p><b>Antraknose</b> (<i>Colletotrichum</i> spp.)</p>	<p><b>Grondtoediening</b> 500 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b> <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 300 – 500 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen 10 – 14 dae spuitintervalle in 'n voorkomende spuitprogram, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toe.</li> <li>▶ Gebruik voldoende water volumes vir volledige bedekking.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> </ul>
<p><b>NEUTBOME</b> (amandels, makadamas, pistasieneute, kasjoeneute, haselneute en pekanneute)</p> <p><b>Bloeiselsversenging</b> (<i>Monilinia / Cladosporium</i> spp.)</p> <p><b>Makadama: Vrughulselvrot</b> (<i>Colletotrichum</i> spp.)</p> <p><b>Makadama: Bloeiselskroei/'Rat tail'</b> (<i>Cladosporium cladosporioides</i>)</p> <p><b>Vrughulselvlek</b> (<i>Pseudocercospora macadamiae</i>)</p>	<p><b>Grondtoediening</b> 800 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b> <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 1200 – 1500 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> voor siekteontwikkeling in 'n voorkomende spuitprogram toe, begin teen blomaar verskyning.</li> <li>▶ Volg op met 'n tweede toediening 14 dae na die eerste toediening.</li> <li>▶ MOENIE meer as twee (2) opeenvolgende <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings uitvoer voordat daar met onverwante swamdoders vanuit ander FRAC groepe afgewissel word nie.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> <li>▶ Vir <b>bloeiselskroei</b>: Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen vroeë blom toe en gaan voort met spuitprogram tot einde van blomblaar val.</li> </ul>
<p><b>PERSIMMONS</b> <i>Alternaria alternata</i></p>	<p><b>Grondtoediening</b> 60 g/100 ℓ water</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien 'n maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings binne 'n spuitprogram met ander FRAC swamdodergroepe toe.</li> <li>▶ Begin spuitprogram 10 dae voor volblom.</li> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> as 'n hoë volume voldebespuiting, tot by punt van afloop, toe om deeglike bedekking te verseker.</li> </ul>
<p><b>SOJABONE</b> <b>Sojaboonroes</b></p>	<p><b>Grondtoediening</b> 600 g/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> voorkomend, voor die eerste tekens van siekteontwikkeling, gewoonlik teen die begin van blom, toe.</li> </ul>

<i>(Phakopsora pachyrhizi)</i>	<p><b>SPUITVOLUME:</b>  <u>Grond-/Trekertoediening:</u>  200 – 320 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Herhaal toediening 21 – 28 dae later.</li> <li>▶ Gebruik die korter spuitinterval van 21 dae tydens gunstige toestande vir siekteontwikkeling of waar hoë siektedruk verwag word.</li> </ul>
<p><b>SONNEBLUM</b>   <b>Alternaria blaarvlek</b>  <i>(Alternaria helianthin, A. zinnia en A. alternata)</i></p>	<p><b>Grondtoediening</b>  600 – 800 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b>  <u>Grond-/Trekertoediening:</u>  300 – 400 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Begin spuitprogram wanneer 6 – 8 ware blare oopgevou is en ideaal voor enige siektesimptome teenwoordig is.</li> <li>▶ Die laer dosis is geskik wanneer <b>BOSTRIN 380 WG</b> in die vroeë groeistadium toegedien word, voordat siekte voorkom. Gebruik die hoër dosis vir die tweede toediening.</li> <li>▶ Die tweede toediening moet aan die begin van blom toegedien word, wanneer die eerste geel blomblare teenwoordig is.</li> <li>▶ MOENIE <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedien sodra die blomkoppe begin hang nie.</li> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> toe in voldoende watervolumes oor die bokant van die plante om voldoende blaarbedekking en penetrasie tussen die blare te verseker.</li> <li>▶ 'n Maksimum van twee (2) <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings kan per seisoen toegedien word.</li> <li>▶ Goeie onderdrukking van poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe cichoracearum</i>) kan bereik word wanneer <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen die hoër dosis toegedien word voordat simptome sigbaar is.</li> </ul>
<p><b>TAMATIES</b>   <b>Vroeë roes</b>  <i>(Alternaria solani)</i></p>	<p><b>Grondtoediening</b>  300 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b>  <u>Grond-/Trekertoediening:</u>  Indien water volume 500 ℓ water/ha oorskry, dien teen dosis van 60 g <b>BOSTRIN 380 WG</b>/100 ℓ water toe</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen 10 – 14 dae spuitintervalle in 'n voorkomende spuitprogram, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toe.</li> <li>▶ Wissel <b>BOSTRIN 380 WG</b> toedienings met onverwante kontak swamdoders af.</li> <li>▶ Gebruik voldoende water volumes vir volledige bedekking.</li> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> in minstens 500 ℓ water/ha toe.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> </ul>
<p><b>UIE (insluitend grasuie)</b>   <b>Alternaria vlek</b>  <i>(Alternaria porri)</i></p>	<p><b>Grondtoediening</b>  300 g/ha</p> <p><b>SPUITVOLUME:</b>  <u>Grond-/Trekertoediening:</u>  300 – 500 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ Dien <b>BOSTRIN 380 WG</b> teen 10 – 14 dae spuitintervalle in 'n voorkomende spuitprogram, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toe.</li> <li>▶ Gebruik voldoende water volumes vir volledige bedekking.</li> <li>▶ 'n Maksimum van drie (3) <b>BOSTRIN 380 WG</b> of ander groep 7 of 11 swamdoders kan per seisoen toegedien word.</li> <li>▶ Voeg 'n bymiddel teen die geregistreerde dosis by die spuitmengsel.</li> </ul>

Raadpleeg die betrokke etikette vir **GEBRUIKSBEPERKINGS, WAARSKUWINGS** (insluitend **WEERSTANDSWAARSKUWING**), **VOORSORGMATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** indien dit saam met **BOSTRIN 380 WG** in 'n tenkmengsel toegedien word.